**Publication:** Beeld Finale
**Title:** 'Regering sal erns moet toon'
**AVE:** 48812.79

**Page:** 14
**Publish Date:** 12 August 2021
**Author:** Elise Tempelhoff

KLIMAATSVERANDERING

# 'Regering sal erns moet toon'

## Staak gou steenkool se gebruik – groepe

**Elise Tempelhoff**

Die regering sal sy sokkies moet optrek en meer erns toon oor klimaatsverandering, meen omgewingskenners.

Brandon Abdinor, regsgeleerde wat spesialiseer in klimaataangeleenthede by die Sentrum vir Omgewingsregte (SOR), het gister gesê die departement van omgewingsake, bosbou en visserye sal baie vinnig sy sogenaamde NDC (National Determined Contribution), oftewel sy "vasgestelde bydrae tot die koolstofdioksied in die atmosfeer", moet aanpas as hy klimaatsverandering ernstig opneem.

Suid-Afrika wil die kweekhuisgasse wat hy tans in die atmosfeer vrystel, tot 2025 laat toeneem. Hierna sal dit glo vir 'n dekade 'n plato bereik en teen 2035 afneem totdat die land se ekonomie in 2050 koolstofneutraal sal wees.

Abdinor sê: "Dit is nie goed genoeg nie."

Hy het gister gereageer op die Interregeringspaneel oor klimaatsverandering (IPCC) se sesde verslag waarin die fisiese wetenskap oor klimaatsverandering uiteengesit word.

Hy sê die "globale klimaatstelsel is besig om voor ons te verkrummel" weens die ongebreidelde uitpomp van gifstowwe in die atmosfeer en onverantwoordelike "ontwikkeling".

"Suid-Afrika en die wêreld gaan 'n duur prys betaal as daar nie nou drasties opgetree word om kweekhuisgasse te beperk nie."

Abdinor sê die regering se optrede is "uiters frustrerend". Dit blyk daar bestaan geen haas by die ANC-regering om sy deel te doen om die klimaat "te beskerm en mense by die huidige veranderinge te help aanpas nie".

Hy sê daar is 'n dringendheid dat die beoogde klimaatwet, waarvan die regering sedert 2018 praat, nou 'n werklikheid word.

"Solank as wat dié klimaatwet nie 'n werklikheid is nie, sal die regering geen tande hê om klimaatverwante oortredings en oortreders vas te vat nie."

Abdinor sê die jongste IPCC-verslag is spesifiek geskryf sodat beleidmakers dit kan verstaan. Die titel van die verslag is "Summary for Policymakers".

Luidens die IPCC-verslag sal Suid-Afrika hitte, gepaardgaande met ernstige droogtes oor die grootste deel van die land ervaar. Die hitte en droogtes is 'n vonk in die kruitvat vir weghol-brande, waarsku hy.

Die Nasionale Besigheidsinisiatief (NBI) en Business Unity South Africa (Busa) maan die regering om so gou as moontlik in hernubare energiebronne te belê. Die regering moet die gebruik van steenkool so gou as moontlik staak en beleggings doen in 'n waterstofekonomie, sê hulle.

Die NBI en Busa het gister in 'n gesamentlike verklaring gesê die twee organisasies werk saam met die Boston Consulting Group aan planne om Suid-Afrika se ekonomie so gou as moontlik koolstofdioksiedvry te maak.

"Die werk wat ons tot dusver gedoen het, het gewys dit is moontlik terwyl nuwe industrieë en werkgeleenthede geskep word."

Die twee organisasies maan die departement van omgewingsake, bosbou en visserye ook om sy NDC "drasties aan te pas".

In teenstelling met omgewingsorganisasies se mening dat gas 'n fossielbrandstof is en nie aanvaarbaar is as 'n bron van oorbruggingsenergie nie, meen Busa en die NBI dié brandstof moet in piektye gebruik word.

Barbara Creecy, minister van omgewingsake, bosbou en visserye, het gister in 'n verklaring gesê 'n "regverdige oorgang van 'n koolstofintensiewe na 'n koolstofneutrale ekonomie is nou dringender as ooit."

Suid-Afrika het wel finansiële hulp nodig om op 'n regverdige manier na 'n groenekonomie oor te skakel, sê Creecy.

> **"Solank as wat dié klimaatwet nie 'n werklikheid is nie, sal die regering geen tande hê om klimaatverwante oortredings en oortreders vas te vat nie.**
>
> — Brandon Abdinor

**Wat sê jý?** Gee jou mening. Ons luister.
**Stuur 'n SMS na 32515 of skryf 'n brief aan briewe@beeld.com SMS'e kos R1.00**


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.